# 'N BESOEK AAN MZILIKAZI IN 1830

**J.C. Visagie**
*Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 7600*

A visit to Mzilikazi in 1830

In 1830 about a dozen Afrikaner frontier farmers from the East Riet River ward (now Bedford) in the district which was then Somerset, undertook a remarkable hunting expedition to the present Botswana and the North-Western Transvaal. A re-examination of well-known documents as well as some new ones, has revealed that this expedition did in fact occur and that the hunters paid a visit to Mzilikazi, the much-feared king of the Ndebele - a finding contrary to the established belief that no Afrikaner frontier farmer had visited that king prior to the Great Trek. Upon their return, members of the 1830 expedition reported favourably on farming possibilities in the interior, with the result that for some weeks, enthusiasm ran high for the idea of moving there. These events throw some light on the somewhat obscure origins of the urge to migrate to the interior.

'n Dosyn of wat Afrikanergrensboere van die wyk Oos-Rietrivier (teenswoordig Bedford) in die destydse distrik Somerset het in 1830 'n merkwaardige jagtog na die huidige Botswana en Noordwes-Transvaal onderneem. 'n Hervertolking van bekende en nuwe dokumente het nou aan die lig gebring dat daar beslis so 'n tog plaasgevind het en dat die vreeswekkende koning van die Ndebele, Mzilikazi, besoek is. Voorheen is geglo dat geen Afrikanergrensboer dié koning voor die Groot Trek besoek het nie. Teruggekeerde lede van die 1830-ekspedisie het spoedig positiewe inligting oor die boererymoontlikhede van die binneland versprei. 'n Direkte gevolg was dat daar vir enkele weke geesdrif geheers het vir die gedagte om daarheen te verhuis. Hierdie gebeure werp verdere lig op die so moelik naspeurbare ontstaan van die trekgedagte.

## Inleiding

Die histories belangrike en uitgebreide tog van 'n twaalftal inwoners van die wyk Oos-Rietrivier (teenswoordig die distrik Bedford) in die distrik Somerset-(Oos) na die teenswoordige Noordwes-Transvaal en Botswana in 1830 het nie in ons geskiedskrywing die aandag gekry wat dit verdien nie. Trouens, tot dusver is vaagweg geglo dat daar wel 'n tog was, maar presies wanneer en waarheen dit plaasgevind het en die meeste ander besonderhede is nog nooit nagevors en ontleed nie. Verder was ons geheel en al nie daarvan bewus dat die hoogtepunt van hierdie interessante tog 'n besoek aan Mzilikazi van die Ndebele ingesluit het nie. Enkele skrywers het wel opgelet dat die herinneringe van Louis Jacobus Nel 'n bewering bevat dat 'n paar grensboere Mzilikazi besoek het en dat 'n enkele ander getuie ook so 'n bewering gemaak het. Die getuienis is egter nie altyd in verband geplaas nie en daar is nie besef dat dit alles op een tog betrekking het nie. Hierdie getuienis is inderdaad sterk betwyfel en as gevolg van 'n gebrek aan stawende bewyse is tot dusver geglo dat geen Afrikanergrensboer voor die Groot Trek met Mzilikazi kennis gemaak het nie. 'n Hervertolking van reeds bekende dokumente en die opdiep van 'n paar nuwe stukke stel ons in staat om nou te kan sê dat daar wel so 'n tog plaasgevind het. Daarmee saam kry ons sekerheid oor datums en besonderhede van die tog en open dit 'n vars perspektief op die stand van sekere grensboere se kennis van die binneland en die ontwikkeling van die trekgedagte.

## Binnelandse togte verskaf inligting

Dis bekend dat natuurkundiges, jagters, handelaars, sendelinge en lede van amptelike ekspedisies in die eerste twee dekades van die 19de eeu in die noordelike binneland van Suid-Afrika reeds tot by Lithako (teenswoordig Maropeng naby Kuru-

man) en omstreke besoeke afgelê en verkenningswerk gedoen het. Na die suidooste in die Transoranje het Afrikaner-trekboere in die jare twintig gereelde trekke met hul vee tot aan die Modder- en Rietrivier en later tot selfs aan die Vaalrivier onderneem en was die gebied op die vooraand van die Groot Trek aan baie noordgrensboere goed bekend.

In die jare twintig het nog meer en betekenisvoller jag- en handelstogte na die woongebiede van die Tswana gevolg. Trouens, binne enkele jare is 'n magdom nuwe inligting bekend gemaak. Só byvoorbeeld het A.G. Bain en J.B. Biddulph in 1826 die Molopo oorgesteek en ver noord van Mosega gereis om die moontlikhede van die ivoorhandel te ondersoek. Die Skot David Hume was in 1830 selfs noord van die Limpopo. In ongeveer 1827 het Robert Scoon en William McLuckie tot by die oorsprong van die Maricorivier deurgedring en op uitnodiging van Mzilikazi die woongebied van die Ndebele in 1829 besoek en boonop 'n winsgewende handel gedryf. Scoon en McLuckie was inderdaad die eerste blankes wat Mzilikazi in sy kraal besoek en handelsware vir ivoor geruil het. Die wedervaringe van laasgenoemde reisigers is in 1830 in die Kaapkolonie gepubliseer en het aansienlike belangstelling uitgelok.[1]

Die openbaarmaking van genoemde jagtogte en veral berigte oor die verkryging van die gesogte ivoor in die woongebiede van die Tswana en die Ndebele van Mzilikazi sou ongetwyfeld geesdriftige jagters soos Hans (Dons) de Lange (die bekende latere Voortrekkerverkenner), die Meyers, Besters en Greylings van die wyk Oos-Rietrivier in die distrik Somerset se belangstelling geniet het. Daar was egter ook heelwat ander inligtingsbronne oor die binneland in die Oos-Rietrivier en omgewing tot hulle beskikking.

**Kontak met smouse en avonturiers**

As veldkommandant van Albany was Cornelis Meyer 'n gereelde besoeker in Grahamstad. Benewens noue samewerking met die siviele kommissaris, kaptein Duncan Campbell, wat besonder goed ingelig was en bowendien lisensies aan persone moes uitreik wat die Koloniale grens wou oorsteek, sou dit Meyer in staat gestel het om met 'n verskeidenheid van mense, insluitende smouse en avonturiers, te gesels.

**Kontak met Ludwig Krebs**

In die Meyers en hul jagmaats se onmiddellike omgewing was daar inderdaad ook ander betroubare bronne wat inligting kon verskaf en ongetwyfeld togte na die binneland aangemoedig het. In die jare twintig het die Duitse natuurkundige, Ludwig Krebs, hom in die wyk Baviaansrivier enige kilometer noord van die teenswoordige Bedford gevestig. Krebs het die plaas, wat hy Lichtenstein gedoop het, gekoop weens die beskikbaarheid van allerlei plante en diere wat hy kon bestudeer en waarvan hy spesimens na museums in Duitsland gestuur het. Daarby het dit egter nie gebly nie. Krebs het self reise na oorkant die grens onderneem, soos byvoorbeeld sy besoek aan die Swart-Kei so vroeg as 1826. As gevolg van sy belangstelling in nuwe spesies het hy intens belang gestel in die noordelike en noordoostelike binneland en sorgvuldig boekgehou van reise en ontdekkings van ander reisigers. Dit was immers sy groot ideaal om persoonlik ver die binneland in te dring. Dit sou hy later ook doen, maar weens swak gesondheid moes hy hom grotendeels verlaat op ander geselskappe wat vir hom teen vergoeding die versamelwerk kon doen.[2] Krebs

---

1. Vgl. C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek* (Kaapstad, 1974), pp. 223-245.
2. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna K.A.B.), Kaapstad: C.O. 2683 Letters Received from Drosdy Somerset, L. Krebs - W.M. Mackay, 8-5-1826 (ingesluit by Mackay - R. Plasket, 11-5-1826, no. 51, p. 371) en verder Pamela ffolliott en Richard Liversidge, *Ludwig Krebs Cape naturalist to the King of Prussia 1792-1844* (Kaapstad, 1971), pp. 67-79.

het byvoorbeeld van die twee Afrikanergrensboere van die Oos-Rietrivier, Hans de Lange en W.P. Meyer, se tog na Natal gebruik gemaak en bestellings by hulle geplaas.

## Eduard Seidensticker

Heel moontlik het die Meyers en hul vriende in die laat jare twintig ook kennis gemaak met 'n ander energieke Duitse jongman wat 'n goeie vriend van Krebs was en hom baie dikwels op Lichtenstein besoek het. Hierdie man was Eduard Seidensticker. Hy het in 1822 aan die Kaap voet aan wal gesit toe hy maar twintig jaar oud was. Dit is uit sy briewe duidelik dat hy 'n fyn opgevoede jongman was. Seidensticker het ook in die Natuurkunde belang gestel, maar eintlik wou hy 'n boer word, verkieslik op 'n plaas aan die Koonaprivier in die wyk Oos-Rietrivier. Sy ondernemende geaardheid het hom in 1823 en weer in 1826 laat besluit om die hele Kolonie plat te ry en volgens homself het hy alle distrikte besoek.[3] In 1830 en 1831 het hy kennelik ver noord van die Oranjerivier rondgery en na so 'n reis in 1830 het hy juis weer sy vriend Krebs in die Baviaansrivier besoek. Tydens sy besoeke aan die noordgrens het Seidensticker bevriend geraak met veldkornet Gideon Joubert van die wyk Nuwe Hantam vir wie hy ook 'n omvattende versoekskrif geskryf het. Veral betekenisvol is dat Seidensticker daarin kon slaag om heelwat kennis oor Mzilikazi te versamel en teen die einde van 1831 het hy die Ndebele-koning persoonlik besoek. Volgens berigte wat Krebs bereik het, het Seidensticker daarna nog verder noord gereis. Daar iewers is die belowende jongman aaklig vermoor en is daar nooit weer iets van hom verneem nie.[4]

Indien dit te vergesog is om te aanvaar dat die Meyers en Hans de Lange met Seidensticker in die Oos-Rietrivier kennis gemaak het, is dit wel denkbaar dat Krebs sy vriend se kennis van die binneland aan die Afrikanerboere oorgedra het.

## Inligting verkry van olifantjagters

Die gereelde jagtogte van Krebs se buurman, George Rennie, sou eweneens onder die Meyers en De Lange se aandag gekom het. Tesame met bedrewe olifantjagters van die Tarka, soos Diederik Johannes Muller, Johannes Christiaan Muller, Stephanus Muller, Piet Jordaan, Johannes Erasmus en Zacharias de Beer, het Rennie se togte nie net die lokaas van 'n winsgewende ivoorhandel voorgehou nie, maar was dit 'n voorbeeld waar Afrikanergrensboere die relatief nuwe roete deur Xhosaland na die Natalse grens oënskynlik sonder gevaar of teenstand afgelê het. Berigte en persoonlike mededelings van Rennie en die Muller-broers se suksesvolle togte in 1826 en 1829 na onderskeidelik die Mbashe- en Mzimvuburivier, sou die Meyers en hul makkers se horisonne van nuwe en opwindende jagvelde aansienlik verbreed het.[5]

---

3. K.A.B.: 1/AY 8/79 Ontvange Stukke, E. Seidensticker - D. Campbell, 6-12-1828, pp. 760-761; K.A.B.: C.O. 8460 Letters re Land Matters, E. Seidensticker - J. Bell, 15-7-1828, no. 56; K.A.B.: C.O. 3944 Memorials Received, E. Seidensticker - Cole, 2-1-1830, no. 190 en 18-7-1830, no. 122.
4. K.A.B.: C.O. 3944 Memorials Received, E. Seidensticker - Cole, 16-12-1829, no. 806; K.A.B.: C.O. 3949 Memorials Received, E. Seidensticker - Cole, 2-1-1830, no. 190 en 18-7-1830, no. 122; Veral ook K.A.B.: C.O. 3953 Memorials Received, E. Seidensticker - Cole, 23-8-1831, no. 105. Vgl. sy handskrif in lg. brief met K.A.B.: C.O. 3951 Memorials Received, G.D. Joubert - Cole, 15-8-1831, no. 148; P. ffolliott en R. Liversidge, *Ludwig Krebs*, pp. 76-77.
5. K.A.B.: C.O. 3931 Memorials Received, D.J. Muller e.a. - R. Bourke, ongedateer, maar ongeveer Junie 1826, pp. 761-764; K.A.B.: 1/AY 8/18 Letters Received from Colonial Office, J. Bell - Civil Commissioner, 6-2-1829, no. 18; K.A.B.: C.O. 3933 Memorials Received, G. Rennie - R. Plasket, 9-1-1827, no. 27; K.A.B.: C.O. 3939 Memorials Received, G. Rennie - Colonial Secretary, 8-6-1828, no. 774; P. ffolliott en R. Liversidge, *Ludwig Krebs*, pp. 76-77.

Maar daarmee het die inligtingsbronne oor kennis van die noordelike en noordoostelike binneland waaruit die Meyers en hul vriende kon put, nie opgedroog nie. Uit wat hierbo genoem is, wil dit tog voorkom of verkenning van die binneland teen die jaar 1829 'n voorbereidingsfase afgesluit het waarvandaan toe met groter sekerheid op min of meer gebaande weë voortgegaan kon word. Die drukker "verkeer" van reisigers in die vroeë jare dertig na die noorde skyn dié gevolgtrekking te bevestig. Blykbaar was dit insgelyks die geval met die voorkoms van togte deur Afrikanergrensboere wat oënskynlik besonder min in die jare twintig voorgekom het, maar daarna skielik op die voorgrond getree het. Ongetwyfeld sou daar meer reise van Afrikanergrensboere tot 1828 plaasgevind het as wat in die dokumente weerspieël word, maar tog kan dit nie net toevallig wees dat juis vanaf omstreeks 1829 meer dikwels van sodanige reise dokumentêre neerslag gevind word nie. Benewens die vermeende toename van Afrikanertogte vanuit die sentrale en suidelike oosgrenssone ná 1828, is daar eweneens 'n sekere beplanning in die reise te bespeur wat reeds ondersoek en elders gepubliseer is.[6]

## Die jagtog van 1830

Om 'n klaarblyklike rede is daar 'n kleed van geheimhouding oor die 1830-reis getrek: slegs enkele van die minstens twaalf persone het immers toestemming gehad om die Kolonie se grens oor te steek. Weliswaar het die nuus oor aantreklike boerderymoontlikhede in die noordelike binneland baie vinnig onder Afrikanergrensboere in verskeie distrikte na die terugkeer van die ekspedisie versprei, maar selfs hierdie betekenisvolle nadraai is so stil gehou dat dit nie eens in 'n enkele berig van die plaaslike koerant weerklank gevind het nie.

## Bronne

Tot dusver is 'n agttal dokumente oor en verwysings na die onderneming opgediep. Dit sluit in twee briewe van veldkommandant Cornelis Meyer in 1830;[7] 'n verklaring in April 1831 van 'n bediende van hom, Windvogel Stuurman;[8] 'n verwysing daarna van die bogenoemde Ludwig Krebs in November 1833;[9] 'n brief van siviele kommissaris D. Campbell uit die jaar 1834;[10] 'n verklaring van Cornelis se broer, Willem Petrus (Piet) Meyer, eweneens in 1834;[11] 'n verklaring van ene J.C. Steyn van ongeveer die jaar 1871,[12] en laastens die "herinneringe" van L.J. Nel oor die gebeurtenis soos opgeteken in die jaar 1917.[13] 'n Ontleding van die tekste het aan die lig gebring dat almal op die ekspedisie van 1830 betrekking het.

---

6. J.C. Visagie, *Die trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* (Stellenbosch, 1989), pp. 44-52.
7. K.A.B.: 1/AY 8/81 Ontvange Stukke van Diverse Private Persone en Liggame, C. Meyer - D. Campbell, 1-3-1830 en 3-10-1830, albei ongepagineer.
8. Cory-biblioteek, Grahamstad: MS. 804 Verklaring van "Winvogle Stuurman" voor William Waddel, Grahamstad, 18 April 1941.
9. P. ffolliott en R. Liversidge, *Ludwig Krebs*, p. 78.
10. K.A.B.: 1/AY 9/7 Brieweboek, Regeringsdepartemente, D. Campbell - Acting Secretary to Government, 24-1-1834, pp. 128-130.
11. K.A.B.: 1/AY 8/85 Ontvange Stukke, Verklaring van W.P. Meyer voor D. Campbell, Grahamstad, 8-2-1834, pp. 95-98, en 'n aangehegte duplikaat van lg., maar in konsepvorm met bykomende inligting.
12. Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna T.A.B.), Pretoria: S.S. 465 Inkomende Stukke 1880, Verklaring van J.C. Steyn, ongedateer, maar ongeveer 1871, pp. 267-271.
13. L.J. Nel, *Uit die Voortrekkertyd: Herinneringe van L.J. Nel neergeskryf deur adv. E.G. Jansen* (Pretoria, 1939), pp. 33-34.

**Datums**

Tydens navorsing het die opsporing van drie dokumente uitsluitsel oor die datum van die tog gegee. Twee hiervan is die bogenoemde briewe van Cornelis Meyer wat woordelikse aanhaling regverdig. Die eerste is deur hom vanaf sy plaas Meyerskraal in die wyk Oos-Rietrivier op 1 Maart 1830 aan kaptein Campbell gerig:

> *Min Heer*
>
> *ik maak u Bekend dat ik op tog wil Reijden tot Kaa Latte Koe als het met u sin mag weesen en dat ik de heer Joachim Espag in mijn Plaads sal Laaten en als het met u sin mag weesen send mijn dan een Luksens met mijn soon* [skoonseun] *Abraham Grelieng.*
>
> *ik Ben u diens Willige dinaar*
> *C. Meyer*
> *VeldCommedant*
> *Albanie*

Volgens Cornelis Meyer se brief kan 'n mens aanvaar dat hy en sy jagmaats vroeg in Maart 1830 vertrek het. Dit word ondersteun deur die verklaring van Windvogel Stuurman dat die ekspedisie voor November 1830 in die binneland was. Ook J.C. Steyn verklaar dat hulle omstreeks Junie of Julie 1830 "ingekomen" het.

Meyer se tweede brief is ook vanaf sy plaas geskryf en kennelik pas nadat hulle weer tuisgekom het. Op 3 Oktober 1830 skryf hy aan Campbell:

> *Min Heer*
>
> *ik doet u weeten dat ik tuijs Ben van Mijn tog en dat ik Veel onder Vonden heef. ik dunk om die 12de van die Maand op grahamstad te Weesen, ik Ben u diens*
>
> *Willige dienaar en Vriend*
> *C. Meyer*
> *Veltcommedant*
> *Albanie*

Daar bestaan dus 'n redelike mate van sekerheid dat die tog van vroeg Maart 1830 tot einde September 1830 geduur het.

**Doel**

Oor die doel van sy reis gee Meyer nie duidelikheid nie. Sy woorde "dat ik op tog wil Reijden tot Kaa Latte Koe" bring 'n mens nie verder nie as dat hy 'n reis tot by Nuwe Lithako ofte wel tot in die buurt van die teenswoordige Kuruman in die vooruitsig gestel het. In sy verklaring meld Stuurman dat hulle olifante gaan jag het. Die meeste ander getuies bevestig dat dit 'n jagtog was, terwyl Piet Meyer in sy verklaring byvoeg dat hulle met die inboorlinge gaan handel dryf het. In sy verklaring word dit dan ook terloops genoem dat die geselskap krale en knope saamgeneem het - 'n aanduiding dat hulle wel handeldryf op die oog gehad het. Steyn verklaar dat hulle op "een Schiet togt" was, maar noem verder dat een van die Besters teenoor Mzilikazi opgemerk het "dat hy [Bester] was komen Kuyeren". Oor die opmerking was Hans de Lange danig gesteurd en op sy beurt het hy aan Mzilikazi gesê "dat hy [De Lange] kwamen om te jagten en om hem [Mzilikazi] te zien." Alle getuienis in ag genome, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die geselskap(pe) op 'n handels- en jagtog was. De Lange se woorde het ook gesuggereer dat hulle daarvan bewus was dat Mzilikazi van alle reisigers en jagters wat sy gebied binnegekom het, verwag het om eers by hom goedkeuring te verkry. Die feit dat nog 'n komponent van Hans de Lange se doelstelling was om Mzilikazi te spreek, kan ook daarop dui dat 'n verkenning van die binneland op die spel was.

### Hoeveel geselskappe was daar?

Van Piet Meyer se verklaring 'n paar jaar later sou 'n mens moet aflei dat twee Afrikanergrensboergeselskappe die noordelike binneland in 1830 besoek het; dat hulle tydens die terugreis mekaar toevallig in die verre noorde ontmoet het en verder huis toe saamgery het. Dis duidelik dat Meyer die verklaring moes aflê na aanleiding van gerugte dat die geselskap Tswana-kinders na die Kolonie ontvoer het. Waarom Meyer eers in 1834 'n verklaring afgelê het, is nie duidelik nie, want reeds enige maande na hulle terugkeer is dieselfde saak ondersoek en het Windvogel Stuurman 'n verklaring gedoen. Stuurman het beweer dat sy werkgewer, Cornelis Meyer, asook Piet Meyer en al die ander lede van die geselskap by die ontvoeringspoging betrokke was. Volgens hom het die ouers van die Tswana-kinders spoedig na die ontvoering daar opgedaag en almal behalwe twee teruggeneem. Hierdie twee kinders wou nie saam met hul ouers terugkeer huis toe nie en op hulle eie versoek het Hans de Lange en Piet Greyling hulle na die Kolonie gebring. Of Stuurman se bewerings onmiddellik daarna verder ondersoek is, is nie bekend nie. Piet Meyer daarenteen, het drie jaar later verklaar dat al die kinders na hulle ouers teruggestuur is nadat hy Hans de Lange en sy geselskap op die gevolge gewys het as hulle die kinders na die Kolonie sou bring. Blykbaar wou Meyer dit tuisbring dat die ontvoeringspoging deur Hans de Lange en sy makkers en nie deur die geselskap waartoe hy behoort het nie, uitgevoer is.

Die sterk moontlikheid bestaan dus dat Piet Meyer homself en sy broer bo verdenking wou stel deur voor te gee dat hulle eintlik twee geselskappe was en die kinderontvoering hulle nie ten laste gelê kan word nie. 'n Ander getuie wat hom oor die punt uitlaat, is Windvogel Stuurman. Hy maak geen onderskeid tussen die Afrikanerboere as sou hulle tot twee geselskappe behoort het nie. Trouens, hy het uitdruklik verklaar dat almal tot hulle geselskap behoort het. Stuurman het ook al die lede se voorname en vanne geken en skep die oortuigende indruk dat daar net een jaggeselskap was. Steyn en Nel se getuienis maak net van De Lange se party melding. Luidens hulle sou 'n mens in die lig van die ander dokumente moet aflei dat daar dan wel twee Afrikanertogte in 1830 aangepak is.

Nieteenstaande dat die oorwig van getuienis daarop dui dat daar twee geselskappe was, sal hieronder nog aangetoon word dat al die lede òf vriende òf minstens buurmanne van mekaar was. Die lisensie wat kaptein Campbell aan Cornelis Meyer uitgereik het, het blykbaar nie al die Afrikanerboere se name bevat nie. Diegene wat hy egter wel 'n paar jaar later noem, is 'n bevestiging dat ook Hans de Lange, wat volgens Piet Meyer tot 'n ander groep sou behoort het, in die lisensie vervat was.[14] Hiervolgens kan ons besluit dat daar in Maart 1830 één geselskap Afrikanerboere uit die wyk Oos-Rietrivier na die noordelike binneland vertrek het. Soos dikwels die geval was met groepe waarvan die lede nie almal toestemming gehad het om die grens oor te steek nie, sou hierdie geselskap waarskynlik ook nie in een groot groep uit die Kolonie vertrek het nie. Terwyl ons aanvaar dat dit eintlik maar een geselskap was, is daar eweneens sterk aanduidings dat die geselskap op minstens een gedeelte van die tog in twee groepe verdeel en verskillende rigtings ingeslaan het.

### Identifisering van ekspedisielede

Uit bogenoemde getuienis staan dit vas dat die volgende blanke Afrikanerboere die tog meegemaak het: Cornelis Meyer, sy broer Willem Petrus (Piet) Meyer, sy skoonseun Abraham Carel Greyling en laasgenoemde se broer, Pieter (Piet) Jacobus Greyling. Abraham Greyling het teen 1830 waarskynlik op sy rekwesplaas Varkens-

---

14. K.A.B.: 1/AY 9/7 Brieweboek, Regeringsdepartemente, D. Campbell Acting Secretary, 24-1-1834, ongepagineer.

kuil in Oos-Rietrivier geboer.[15] Teen Maart 1834 het Piet Greyling die plase Goede Hoop en Vrisch Gewaagd in die aangrensende Winterbergstreek besit.[16] Verder was daar Johan Hendrik (Hans Dons) de Lange en sy twee swaers, die broers Paul Dirk Bester (a1b4c3d1, gedoop 15-12-1788) en Willem Abraham Bester (a1b4c3d2, gedoop 2-5-1793). De Lange en die twee Besters was ook albei inwoners van Oos-Rietrivier. Paul se woonplek is in die jare dertig as Baviaanskrans aangedui, maar die aangrensende Roode Draay was ook op sy naam geregistreer. Abraham se plaas was Krugerspost. Soos reeds genoem, het De Lange hegte familiebande met die Meyers gehad. Maar eweneens die Besters het met die Meyers geskakel. So byvoorbeeld was Abraham Bester se seun, Paul Michiel (gebore 15-4-1811), getroud met 'n dogter van Lucas Johannes Meyer, 'n derde Meyer-broer wat egter nie die tog meegemaak het nie. Paul Michiel Bester was later die eerste landdros van Harrismith.[17]

'n Agtste lid van die geselskap waaroor ons sekerheid het, was Philip Rudolph Botha. Diegene wat bekend is met genealogiese plekbepaling en die talryke Botha-familie, sal dadelik saamstem dat positiewe identifikasie van veral 'n persoon wat deur die bovermelde getuies net Philip Botha genoem word, 'n bykans onbegonne taak is. Een van hierdie getuies, naamlik Louis Jacobus Nel, vermeld in sy vertellings die volgende:

> *Omstreeks 1832 was die grootvader van Generaal Botha en die grootvader van Willem Bester van Ladysmith, Natal, en Hans de Lange met nog 'n paar ander op 'n skiettog uit van die Kaap Kolonie af tot by Mzilikazi in wat nou bekend is as Marico in die Transvaal.*[18]

Die eerste vraag wat by 'n mens opkom is of die gebeurtenis waarna L.J. Nel verwys wel op die jagtog in 1830 betrekking het. Ondanks die feit dat sy vertellinge eers op 'n hoë ouderdom opgeteken is en dit hoofsaaklik berus op herinneringe van ander persone en familie, het Nel oor die algemeen redelik akkurate inligting verskaf.[19]

Aangesien ons voor die Groot Trek van geen ander jagtog na die Transvaal weet waarby Botha, De Lange en Bester betrokke was nie, laat dit al dadelik 'n sterk vermoede posvat dat hierdie oorlewering op die 1830-ekspedisie betrekking het. Verdere aanduidings soos die benaderde jaartal en rigting wat die jagters ingeslaan het, is voortgaande bevestiging dat dit die geval was.

Nel se bewering dat die Philip Botha wat die geselskap vergesel het die grootvader van die latere genl. Louis Botha was, kan natuurlik getoets word. Hy was Philip Rudolph Botha (a1b1c7d2e3f1, gedoop 21-9-1800) wat op 6-1-1822 met Anna Johanna Nel (b1c3d4e1f1, gedoop 9-10-1803) in die huwelik getree het.[20] Die vraag is nou of hierdie Botha hoegenaamd met die jagtog in verband gebring kan word. Die verrassing is dat hy en sy gesin inderdaad sedert 1825 inwoners van die Oos-Rietrivier was en naby die Meyers en Hans de Lange gewoon het.[21] Die feit dat

15. K.A.B.: Q.R.R. 186 Quitrent Register Somerset, 31-12-1836, p. 284.
16. K.A.B.: L.G. 7 Papers and Plans in Connection with Land Grants in the Ceded Territory, Verklarings van P.J. Greyling, 27-3-1834, pp. 137-138.
17. Vir besonderhede oor die Besters, De Langes, Lombards en Meyers, kyk J.C. Visagie, *Die trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* en J.C. Visagie, 'Voortrekkerpersonalia' (ongepubliseerde manuskrip, 1988).
18. L.J. Nel, *Uit die Voortrekkertyd*, pp. 33-34.
19. Vgl. J.C. Visagie, 'Louis Jacobus Nel: 'n Voortrekkerleier uit die Tweede Linie', *Kronos* 3, 1980, pp. 73-74.
20. C.C. de Villiers (hersien en bygewerk deur C. Pama), *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1966), pp. 81, 625.
21. K.A.B.: J. 182 Opgaafrol, Somerset, Wyk Oos-Rietrivier 1825, no. 13; K.A.B., 1/AY 8/85 Ontvange Stukke van Diverse Private Persone en Liggame, Verklaring van W.P. Meyer, 8-2-1834. Soos reeds hierbo genoem, bestaan daar van laasgenoemde verklaring ook 'n kladkopie in hierdie verband. Dis juis in die konsep (wat ook deur Meyer onderteken is) waarin inligting oor Botha se woonplek voorkom.

P.R. Botha met 'n nooi Nel getroud was, gee ons sommer ook dadelik duidelikheid waar L.J. Nel aan die inligting in verband met die jagtog gekom het. Die Bothas en Nels se geslagsregisters bring naamlik aan die lig dat P.R. Botha se moeder 'n suster van L.J. Nel (verteller van die oorlewering) se grootvader was.[22]

Verdere bevestiging dat L.J. Nel wel in 'n posisie was om direk van òf P.R. Botha òf W.A. Bester òf van albei te hoor wat op die 1830-tog gebeur het, is dat die Nels ook sterk aangetroude familiebande met die Besters gehad het.[23]

Slegs een getuie, J.C. Steyn, beweer dat hyself en ene Hans Steyn ook die 1830-tog meegemaak het. Aangesien L.J. Nel en Steyn se verklarings mekaar op 'n paar baie belangrike punte ondersteun, moet dadelik gesê word dat hulle beslis na dieselfde jagtog verwys. Hoewel Nel genoem het dat daar ook 'n paar ander persone saam was, gee hy nie hul name nie en meld hy dus nie of daar enige Steyns in die geselskap was nie. Enersyds is 'n mens dus geneig om die beweerde teenwoordigheid van die Steyns in die geselskap te bevraagteken, maar andersyds is daar weer besonderhede in Steyn se verklaring wat so merkwaardig met gestaafde feite ooreenstem dat hierdie dokument nie geïgnoreer kan word nie.

**J.C. Steyn en Hans Steyn**

Wie was J.C. Steyn en is dit moontlik dat hulle aan die tog kon deelgeneem het? Om hulle identiteit te bepaal moet 'n mens jou weer in die soms troebele water van die Genealogie begewe. In die aangrensende Baviaansrivierwyk het twee gesinne met die naam Steyn gewoon. Aangesien daar verder nòg in die Oos-Rietrivier nòg in die ander buurveldkornetskappe Steyns met toepaslike voorname gewoon het, is die Steyns van die Baviaansrivier op die keper beskou. Hulle was Johannes Steyn (b1 c1d4e2, gedoop 3-2-1765) en sy seun Theunis Frederik Jacobus Steyn.[24] Laasgenoemde het wel 'n Voortrekker geword, maar was te jonk om 'n oud genoeg seun te hê wat met die 1830-tog sou kon meegaan. Maar 'n ander seun van die bogenoemde Johannes, naamlik Lucas Cornelis Steyn (b1c1d4e2f2, gedoop 10-8-1794), het ook vroeg genoeg 'n Voortrekker geword en 'n seun gehad wat by die prentjie kan inpas. Die "regte" J.C. Steyn het immers in sy verklaring in ongeveer 1871 gemeld dat hy net betyds noord van die Oranje by die Voortrekkers onder leiding van Potgieter aangesluit het om saam op die eerste kommando teen Mzilikazi (begin Januarie 1837) te vertrek. Nou is dit so dat in amptelike lyste gerapporteer is dat Lucas Cornelis Steyn eers teen die helfte van 1837 gereed gemaak het om sy plaas Blaauwe krans in die Baviaansrivier te verlaat.[25] In Maart 1838 is in *The Graham's Town Journal* bevestig dat hy een van die persone is wat in die "afgelope" jaar na die noorde verhuis het. In hierdie uitgawe word eweneens genoem dat twee ongetroude jongmanne van dieselfde omgewing, Jan en Piet Steyn, onder diegene is wat van plan is om teen die einde van Maart 1838 die Kolonie te verlaat.[26]

Die amptelike lyste van persone wat die Kolonie verlaat het, dui dus daarop dat die Steyns van Baviaansrivier eers baie maande na Potgieter se eerste kommando teen Mzilikazi na die binneland vertrek het en dat een van hulle nie aan hierdie kommando kon deelgeneem het soos wat J.C. Steyn in sy latere verklaring te kenne wou gee nie. Aan die anderkant is dit ook so dat die genoemde lyste dikwels foute bevat en eers lank nadat die emigrante reeds weg was, ingestuur is. Die aanneemlikste verklaring is egter dat J.C. Steyn die verskillende kommando's teen Mzilikazi met mekaar verwar het en in der waarheid die tweede Voortrekkerkommando teen Mzilikazi meegemaak het. Hierdie kommando het in November 1837 uit-

---

22. Vgl. J.C. Visagie 'Louis Jacobus Nel', *Kronos* 3, 1980, pp. 73, 82-83.
23. Kyk bv. B. Cilliers, *Genealogieë van die Afrikanerfamilies in Natal* (Pietermaritzburg, 1985), p. 27.
24. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters*, p. 927.
25. K.A.B.: L.G. 265 Letters Received from Civil Commissioner Somerset, List of Persons preparing to remove beyond the Boundary of the Colony ..., 20-6-1837 (ingesluit by J.F. Ziervogel - Acting Secretary, Graham's Town, 20-6-1837, p. 124), pp. 125-127.
26. *The Graham's Town Journal*, 1-3-1838 (The Emigrant Farmers).

getrek[27] en kan dus by die chronologie van die amptelike lyste inpas.

Lucas Cornelis Steyn het wel 'n seun met die voorletters J.C. gehad wat hoogs waarskynlik die J.C. Steyn was wat in 1871 die belangrike verklaring afgelê het. Hy was Johannes Christiaan, gebore op 4 Julie 1817.[28] Hy was dus net 13 jaar oud toe die jagtog plaasgevind het. 'n Mens moet in gedagte hou dat seuns van destys baie meer selfstandig was as kinders van vandag. Volgens sy verklaring het ook 'n Hans Steyn die tog meegemaak. Blykbaar was dit sy oom, Hans Jurgen Steyn.[29] Die chroniese tekort aan betroubare bediendes sou die jong seun se insluiting geregverdig het. Vir 'n seun van sy ouderdom was destydse takies soos die skiet van 'n bok, toulei, versorging van die trekdiere en perde immers net alledaagse roetine. Veral as 'n bykomende skut sou dié intelligente en oplettende knaap vir sy oom en geselskap 'n aanwins gewees het.

Ondanks die afwesigheid van ander getuienis wat sou kon bevestig dat die twee Steyns die geselskap vergesel het, moet ons besluit dat dit heel waarskynlik die geval was. Dit is trouens 'n sterk moontlikheid dat ook nog ander ongenoemde persone die tog meegemaak het.

## Bediendes, gidse en tolke

Benewens die tien blanke mans weet ons van minstens twee bediendes wat saamgegaan het, te wete Windvogel Stuurman, 'n plaasarbeider in diens van Cornelis Meyer, en ene Klaas Magerman.[30] Noord van die Vaalrivier het die geselskap daarin geslaag om hul geledere met vier Griekwas van Boetsap aan te vul. Een van hierdie manne het vir hulle as tolk opgetree. Moontlik was dit ook een van die Griekwas wat die jagters as gids gebruik het, want Steyn meld in sy verklaring dat hulle 'n gids gehad het wat al voorheen in die noorde was.

## Toerusting en voorrade

Ons kan aanvaar dat die lede van die geselskap op so 'n uitgebreide en lang besoek aan die binneland hulself deeglik sou toerus. Eerstens sou elkeen sorg dat hy genoeg kruit en lood vir sy twee of meer gewere gehad het. Soos 'n mens van 'n oud-veldkornet en veldkommandant kan verwag, was Cornelis Meyer die trotse besitter van twee gewere wat netjies in 'n geweertas vervoer is. Benewens die gewere, kan ons aanneem dat hy ook een of albei sy verkykers sou saamgeneem het.[31] Van W.P. Meyer se verklaring kan 'n mens aflei dat elkeen minstens een ryperd saamgeneem het, maar om begryplike redes sou hulle vir ekstra perde voorsiening gemaak het. Vir die vervoer van kos, klere, gewere, ammunisie, medisyne, tentseile, beddegoed en die talle ander artikels sou die ekspedisie noodwendig 'n paar ossewaens moes gebruik. Stuurman noem dat hulle met vier waens gereis het, maar in ag genome dat hulle onder meer wou gaan jag en baie biltong, ivoor, horings en velle sou wou terugbring, is dit heel moontlik dat hy net die broers Meyer se waens bedoel het. Cornelis Meyer het byvoorbeeld drie ossewaens en 'n perdewa wat deur agt perde getrek is, besit.[32] Verder sou hulle ook opslaantente gehad het. W.P. Meyer maak byvoorbeeld daarvan melding dat Hans de Lange 'n tent saamgeneem het. Ten spyte van die karige inligting tot ons beskikking, is dit baie duidelik dat dit 'n formidabele en goed toegeruste ekspedisie

27. P.J. van der Merwe, 'Die Matebeles en die Voortrekkers', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1986 (2), pp. 206-207.
28. Dr. J.A. Heese, sedertdien oorlede, het die geboortedatum aan my verskaf. J.C. Steyn is gedoop: Graaff-Reinet, 17-2-1818.
29. C.C. de Villiers, *Geslagsregisters, p. 927.*
30. Cory-biblioteek, Grahamstad: MS. 804 Verklaring van Winvogle Stuurman voor William Waddel, 18-4-1831.
31. K.A.B.: M.O.O.C. 7/1/124 Testamente, Boedelinventaris, 31-5-1834, no. 122.
32. *Ibid.*

was wat die Oos-Rietrivier aan die begin van Maart 1830 verlaat het. 'n Ambisieuse tog van sewe maande het voorgelê. Dat dit soveel opwinding sou oplewer, is seker nie voorsien nie. Cornelis Meyer kon dus na sy tuiskoms heel tereg en met genoegdoening verklaar "dat ik Veel onder Vonden heef".[33]

## Roete

Verslae van die bogenoemde getuies dui daarop dat 'n redelik bekende roete na die noorde deur die ekspedisie gevolg is.[34] Waarskynlik het die geselskap aanvanklik die Groot-Visrivier noordwaarts verby Cradock gevolg. Daarvandaan sou hulle noordwes na die teenswoordige Hopetown aan die Oranjerivier gereis het. In hierdie jare was die Kruymansdrif 'n redelik algemene deurgang deur die Oranje na die Tswana verder noord.[35]

## Boetsap

Dat die geselskap die Oranje in die omgewing van Kruymansdrif oorgesteek het, word gebaseer op die aanname dat hulle die kortste weg na Boetsap sou gekies het. Dis egter net so moontlik dat die Oranje in die omgewing van Colesberg oorgesteek is. Hoe dit ook al sy, die eerste vaste punt op die ekspedisie se roete waarvan ons in die reeds genoemde getuienis kennis dra, was die Griekwa-dorpie Boetsap naby die Hartsrivier. Enkele dagreise duskant Boetsap is hulle waarskynlik in die omgewing van die hedendaagse Douglas deur die Vaalrivier.[36]

Juis by die dorpie Boetsap het die geselskap vier van die inwoners in diens geneem. Minstens een van die Griekwas het vir die jagters verder as tolk opgetree en ons kan aanvaar dat een of meer van hulle as gidse gebruik is.[37]

Dis twyfelagtig of die geselskap vanaf Boetsap noordwes geswenk en Lithako (naby Kuruman) aangedoen het soos Cornelis Meyer dit in sy aansoek om 'n lisensie in die vooruitsig gestel het. In elk geval maak eerwaarde Robert Moffat in sy geskrifte nie melding van so 'n besoek aan sy sendingstasie op Kuruman nie. Bowendien weet ons uit die verklarings van W.P. Meyer, L.J. Nel en J.C. Steyn dat die ekspedisielede veel verder noord gaan jag het en dat die ompad na Kuruman blykbaar in die lig daarvan laat vaar is.

## Groot-Tswaing (Stella)


Van Boetsap af is dus waarskynlik reg noord na Groot-Tswaing koers gevat. Hierdie Tswana-dorpie was naby 'n groot soutpan geleë en is vandag die dorp Stella. In sy verklaring verwys W.P. Meyer na die soutpan waar hulle op hul terugreis aangedoen het. Aangesien dit op die roete na die noorde gelê het, is daar min twyfel dat ook die ekspedisie se heenreis oor Stella gegaan het.

## Setlagole

Meyer se verklaring stippel baie duidelik uit dat hulle tot ver noord van die Rolong-dorpie Setlagole deurgedring het. Onder meer lui dit soos volg:

---

33. K.A.B.: 1/AY 8/81 Ontvange Stukke, C. Meyer - D. Campbell, 3-10-1830, ongepagineer.
34. Vgl. die roete van dr. Andrew Smith enkele jare later in W.F. Lye (red.), *Andrew Smith's journal of his expedition into the interior of South Africa 1834-36* (Kaapstad, 1975), pp. x-xi.
35. Kyk bv. J.S. Bergh en J.C. Visagie, *The Eastern Cape Frontier Zone 1660-1980* (Durban, 1985), p. 35.
36. Cory-biblioteek, Grahamstad: MS. 804 Verklaring van Winvogle Stuurman voor William Waddel, 18-4-1831; K.A.B.: 1/AY 8/85 Ontvange Stukke, Verklaring van W.P. Meyer voor D. Campbell, Grahamstad, 8-2-1834, pp. 95-98.
37. *Ibid.*


ALGEMENE
VERWYSINGSKAART
-------ROETE VAN DOS-RIETRIVIERJAGTERS IN 1850
NAME TUSSEN HAKIES DUI AAN DAT DORPE NOG NIE BESTAAN HET NIE
(MOCHUDI)
(GABORONE)
(NYLSTROOM)
(ZEERUST)
(GROOT-MARICO)
(RUSTENBURG)
(BRITS)
(PRETORIA)
Magaliesberg
MAFIKENG
SETLAGOLE
(JOHANNESBURG)
(POTCHEFSTROOM)
(KLERKSDORP)
(VRYBURG)
NUWE LITHAKO
(Kuruman)
(TAUNG)
(BLOEMHOF)
BOETSAP
(WARRENTON)
(BETHLEHEM)
(WINBURG)
(KIMBERLEY)
(DOUGLAS)
(BLOEMFONTEIN)
THABA NCHU
HOPE TOWN
(UTRECHT)
(VRYHEID)
(LADYSMITH)
(CHIEVELEY)
(PIETERMARITZBURG)
PORT NATAL
(PHILIPPOLIS)
(SMITHFIELD)
COLESBERG
Buffelsvlei
(ALIWAL-NOORD)
(BURGERSDORP)
(MOLTENO)
(MIDDELBURG)
(SOUTHEYVILLE)
Winterberg
GRAAFF-REINET
CRADOCK
SOMERSET
FORT BEAUFORT
GRAHAMSTAD
(ALICEDALE)
UITENHAGE
PORT ELIZABETH

*We crossed the boundary at the Orange River and proceed to Northward. On our return to the Colony at about 14 days journey with an ox wagon, we fell in with Philip Botha, Paul Bester, Willem Abraham Bester and Johan Hendrik de Lange who were accompanied by 4 Bastards from Bootchnaap* [Boetsap]. *We all then travelled in Company towards the Colony and we came to Zitzagolie* [Setlagole]...[38]

### Mafikeng en Gaborone

'n Dagreis per ossewa sonder die beslommernis van 'n klomp vee wat aangejaag moet word, is destyds op 24 myl (38,6 kilometer) gereken.[39] Hiervolgens moet afgelei word dat Meyer bedoel het dat hulle ongeveer 540 km (14 x 38,6) noord van die Oranjerivier by die ander Afrikanerboere aangesluit het. By benadering beteken dit dat die twee groepe mekaar in die omgewing van die teenswoordige Mafikeng teëgekom het. Voorts is dit logies om te aanvaar dat minstens die groepie waartoe Meyer behoort het, verder noord in die rigting van Gaborone was, want immers noem hy dat hulle besig was om na die Kolonie terug te ry toe hulle die ander manne ongeveer by Mafikeng ontmoet het.

### Magaliesberg

Dis 'n besonder betekenisvolle gegewe dat die twee groepe op hulle terugreis in die buurt van Mafikeng bymekaar aangesluit het. Dit is al hierbo aangetoon dat daar waarskynlik net een ekspedisie georganiseer is. Die getuienis van Nel, Steyn en selfs nou die van W.P. Meyer dui sterk daarop dat Hans de Lange, die broers Bester, P.R. Botha en die twee Steyns in die een of ander stadium van die ander vier manne weggebreek het en 'n avontuurlike besoek aan die kraal van Mzilikazi agter die Magaliesberg gebring het. Die omgewing van die teenswoordige Mafikeng was (en is vandag nog) die plek waar 'n roete ooswaarts na die Magaliesbergstreek afgedraai het.[40] Waarskynlik was dit dan ook naby die teenswoordige Mafikeng waar die groep van Hans de Lange na die Magaliesberg weggedraai het terwyl die Meyers en andere hulself in die buurt van Mafikeng met jag besig gehou het. Enige weke later sou die twee groepe weer op dieselfde plek herenig en die terugtog na die Kolonie begin.

### Besoek aan Mzilikazi

Die kardinaal belangrike feit is dat ons oor twee skynbaar onafhanklike getuies beskik wat sonder twyfel oor een en dieselfde jagtog getuig het en waarin albei prontuit verklaar dat De Lange en 'n paar ander manne die Ndebele besoek en Mzilikazi onder vier oë gespreek het. Die beweerde ontmoeting met hierdie vreeswekkende swart Koning van die Hoëveld is van sodanige historiese betekenis dat die betroubaarheid van Steyn en Nel se getuienis weer eens ter sake word.

### Geloofwaardigheid van J.C. Steyn en L.J. Nel se getuienis

Hierbo is reeds vasgestel dat Steyn teen 1830 in die onmiddellike omgewing van die ander lede van die geselskap gewoon het en dat dit vir hom dus fisies moontlik was

---

38. K.A.B.: 1/AY 8/85 Ontvange Stukke, Verklaring van W.P. Meyer voor D. Campbell, 8-2-1834, pp. 95-98.
39. P.J. van der Merwe, *Nog verder noord* (Kaapstad, 1962), p. 118.
40. W.F. Lye (red.), *Andrew Smith's journal*, p. x.

om aan die jagtog te kon deelneem. Uit Steyn se ongedateerde en ongetekende verklaring kan 'n mens aflei dat dit afgeneem is ter ondersteuning van die Z.A.R. se aansprake op die diamantdraende gebiede langs die Vaalrivier. As sodanig dateer die dokument waarskynlik uit die jaar 1871 en is dit bepaald daarop ingestel om aan te toon hoe ontvolk die binneland in die vroeë jare dertig daar uitgesien het.[41] Het Steyn se ywer om die Transvaalse regering behulpsaam te wees hand-uit geruk en sy verbeelding vrye teuels gegee? Was die ontmoeting met Mzilikazi 'n verbeeldingsvlug en gerieflikheidshalwe by die prentjie ingesleep sodat die Ndebele-koning woorde in die mond gelê kon word? Juis het Steyn verklaar dat Mzilikazi sou gesê het dat

> *hy Koning was omdat hy het geheele land had overwonnen* -- en vervolg Steyn -- *hier was niemand in het land zoo ver zy dezelfde door reisden, behalve de Marutsies en Banketsies ver ten weste aan Marico. Moselikatse was alleenheerscher. By hulle terugkomst troffen zy ook niemand aan.*[42]

Steyn was ongeveer 54 jaar oud toe hy in 1871 die verklaring afgelê het. Hy was dus in die fleur van sy lewe en heeltemal in staat om 'n selfdeurleefde gebeurtenis van 40 jaar vroeër in herinnering te roep. Eweneens is dit billik om te aanvaar dat minstens die hoogtepunte van die jagtog 'n blywende indruk op sy jong ontvanklike gemoed sou gemaak het. As dertienjarige seun was hy nog nie as 'n volwassene gereken nie en miskien daarom nie in die genoemde verslae as lid van die geselskap vermeld nie. Nogtans sou hy waarskynlik besonderhede van die tog kon onthou wat die ander volwassenes nie eens ag op geslaan het nie.

Ondanks die verloop van 40 jaar is Steyn die enigste getuie wat die jaartal waarin die tog plaasgevind het, presies reg onthou het. Die name van sy jagmaats gee hy korrek; die ligging van Mzilikazi se woonplek in hierdie vroeë jare word naasteby reg aangedui. In sy beskrywing van Mzilikazi se optrede teenoor hulle, eien ons dié swart heerser se geaardheid soos dit deur reisigers daarvoor en daarna ondervind en beskryf is.[43] Dis egter veral twee ander kontroleerbare mededelings van Steyn wat sy geloofbaarheid versterk. Terloops het hy byvoorbeeld opgemerk dat hulle stamlede van die Hurutshe ("Marutsies") teëgekom het wat hulle meegedeel het dat hulle slegs maar die tweede groep blankes is wat daar besoek afgelê het.[44] Die Hurutshe het natuurlik in die jare onder die septer van Mzilikazi gestaan. Hoewel hierdie punt debatteerbaar mag wees, strook dit wel naasteby met die bekende gegewe dat die reisigers Scoon en McLuckie in 1829 die eerste blankes was wat Mzilikazi in sy kraal besoek het. In der waarheid het eerwaarde Robert Moffat gedu-

41. Kyk die sogenaamde Bloemhof-blouboek, *Evidence taken at Bloemhof before the Commission appointed to investigate Claims to the South African Republic, Captain N. Waterboer, Chief of West Griqualand, and certain other Native Chiefs, to Portions of the Territory on the Vaal River, now known as the Diamond Fields, 1871.* 'n Eksemplaar van die seldsame publikasie is ook te vinde in G.H. 22/1, Kaapse Argiefbewaarplek. Om die een of ander rede is J.C. Steyn se verklaring toe nie as getuienis voorgelê nie en dus nie in die Blouboek opgeneem nie. Seker ook daarom dat die konsepte in manuskrip nie gedateer en onderteken is nie. 'n Verklaring van J.C. Steyn se broer, Theunis Frederik Jacobus Steyn, kom wel daarin voor op p. 220. J.C. Steyn se verklaring in manuskrip is te vinde in T.A.B.: S.S. 465 Inkomende Stukke 1880, pp. 267-271.
42. T.A.B.: S.S. 465 Inkomende Stukke 1880, Verklaring van J.C. Steyn, ongedateer, pp. 269-270.
43. Vgl. bv. die ondervinding van Scoon en McLuckie in A. Steedman, *Wanderings and adventures in the interior of Southern Africa II* (Londen, 1835, herdruk Kaapstad, 1966), pp. 185-189, en dié van dr. Andrew Smith in W.F. Lye (red.), *Andrew Smith's journal,* Hoofstuk 7.
44. In T.A.B.: S.S. 465 Inkomende Stukke 1880, pp. 267-271 kom 'n kladkopie sowel as 'n netter weergawe van Steyn se verklaring voor. Die kladkopie bevat kennelik 'n direkte weergawe van dit wat Steyn vertel het. Steyn se opmerking oor wat die "Marutsies" hulle meegedeel het, kom in die kladkopie (pp. 267-268) voor, maar in die geredigeerde weergawe op pp. 269-271 is die sin weggelaat.

rende November en Desember 1829 net na Scoon en McLuckie se besoek ook by Mzilikazi gekuier. Die besoek van die Afrikanerboere in 1830 kan dan wel die tweede groep blankes genoem word indien die aandoen van een of twee sendelinge nie ingereken word nie![45]

'n Verdere mededeling wat 'n mens se vertroue in Steyn se bewering oor die ontmoeting met Mzilikazi verstewig, is dat die Ndebele-koning die Afrikanerboere by hul vertrek ivoor en "enige ossen en Koeijen voor de Weg" geskenk het.[46] Veral merkwaardig is dit nou dat ook die meergemelde Ludwig Krebs van die Baviaansrivier van osse melding maak wat die koloniste by die Ndebele gekry het. Die chronologie van gebeurtenisse wat Krebs beskryf, sowel as sy konsekwente gebruik van die woord "colonists" wanneer hy "Afrikanerboere" bedoel, laat ons tot die gevolgtrekking kom dat hy die osse by lede van die geselskap na hul terugkeer te siene gekry het. Krebs beskryf naamlik die reis van Scoon en McLuckie in 1829 en onmiddellik daarna vervolg hy:

> *Later several colonists went to visit the Blodelyf Caffers* [Ndebele] *and were treated well and presented with oxen, which seem to be of a different specie because of the enormous horns and black stripes across the back, similar to the quaggas. I have never seen these oxen before.*[47]

Die geselskap se ontmoeting met Mzilikazi word natuurlik ook deur L.J. Nel se reeds aangehaalde vertelling bevestig. Wat die geloofwaardigheid van sy hoorsê-getuienis betref, is daarop gewys dat Nel inderdaad eerste- of dan tweedehands van familielede wat op die jagtog was van die gebeurtenis kon verneem het. Die belangrikste is egter dat geen spoor van 'n wedersydse beïnvloeding tussen Steyn en Nel se getuienisse gevind kon word nie. Vir die grootste deel van hul lewens het hulle blykbaar ver en onbewus van mekaar gewoon. Steyn se verklaring in 1871 is nie gepubliseer nie en dit kom baie onwaarskynlik voor dat Nel dit ter insae sou gekry het. Die feit dat Nel se weergawe van die besoek aan Mzilikazi onder 'n aparte opskrif in sy gepubliseerde "Herinneringe" verskyn het, is 'n aanduiding dat die gebeurtenis dikwels in sy familie- en vriendekring oorvertel en as 'n uitstaande episode beskou is.[48]

'n Laaste stukkie getuienis wat die besoek aan Mzilikazi sou kon staaf, word aangetref in 'n brief van Piet Retief wat hom in die kolonie in ongeveer 1836 soos volg oor die eerste Voortrekkers uitgelaat het:

> *De landstreek waar de Burgers heen gaan, is by myn Stiefzoon zeer wel bekend, zeer gezond en vruchtbaar, gezegend van water, vruchten en wild; de eenigste Natie waar de Boeren voor te vrezen hebben, heeft op het vriendelykst aan hen land aangeboden ter bewoning.*[49]

Met die eerste lees van Retief se aangehaalde woorde is 'n mens in die lig van wat hierbo reeds gesê is, dadelik geneig om te aanvaar dat dit 'n verwysing is na een van sy Greyling-stiefseuns wat die 1830-tog meegemaak het en dat die "Natie" niemand anders kan wees as die Ndebele van Mzilikazi nie. Dit is natuurlik moontlik

---

45. Vgl. bv. R. Moffat, *The Matabele journals of Robert Moffat 1829-1860, I* (geredigeer deur J.P.R. Wallis, Londen, 1945), pp. 1, 13; C.F.J. Muller, *Leiers na die Noorde. Studies oor die Groot Trek* (Kaapstad, 1976), p. 32.
46. T.A.B.: S.S. 465 Inkomende Stukke 1880, Verklaring van J.C. Steyn, ongedateer, p. 267.
47. P. ffolliott en R. Liversidge, *Ludwig Krebs*, pp. 77-78.
48. L.J. Nel, *Uit die Voortrekkertyd: Herinneringe van L.J. Nel neergeskryf deur adv. E.G. Jansen*, pp. 33-34.
49. Aangehaal deur C.F.J. Muller, *Die oorsprong van die Groot Trek*, p. 253.

dat dieselfde Greyling-stiefseun van Retief ook nog op 'n ander reis was en dat hier byvoorbeeld na die Zulu of die Griekwas verwys word. Hoewel Retief se woorde vir ons doel nie uitsluitsel gee nie, is dit nogtans betekenisvol.

Daar bestaan goeie redes om te vermoed dat die tuiskoms van die ekspedisie in die Oos-Rietrivier groot belangstelling gewek het. Oorvertelling van hul jagervaringe sou nie agterweë gebly het nie, nog minder sou die opwindende ontmoeting met Mzilikazi verswyg kon word. Die reeds aangehaalde brief van Cornelis Meyer na sy terugkoms einde September 1830 dui onmiskenbaar daarop dat hy beoog het om siviele kommissaris Campbell volledig oor sy wedervaringe in te lig. Uit Campbell se verslag aan die regering blyk dit egter ook dat veldkommandant Meyer selektiewe terugvoering verskaf het en die besoek aan Mzilikazi blykbaar heeltemal verswyg het. Oor die opwinding wat die toggangers se inligting oor die binneland onder die grensboere veroorsaak het, het Meyer eweneens kennelik niks gesê nie. Laasgenoemde verrassende inligting het Campbell uit 'n ander bron gekry en dit kom kortliks daarop neer dat die Meyer-De Lange-ekspedisie selfs vir meer opwinding en aksie in die distrik Uitenhage gesorg het as in die distrik Somerset waar die meeste toggangers immers self gewoon het. Die klaarblyklik positiewe verslag van die toggangers van 1830 oor die oop ruimtes en boerderygeleenthede in die noordelike binneland het dan die onmiddellike gevolg gehad dat die Uitenhagers die drastiese stap geneem het om 'n handtekeninglys rond te stuur vir die persone wat daarin belang sou stel om hulle in die noorde te vestig. Volgens kaptein Campbell se inligting het hierdie aanvanklik geesdriftige propagering van die trekgedagte so veld gewen dat die lys reeds 100 handtekeninge bevat het toe sy informant dit onder oë gekry het. Sy informant was glo 'n invloedryke persoon wat die ondertekenaars van die dokument eindelik oortuig het dat hulle skema, indien nie onprakties nie, dan wel minstens voortydig ("premature") was.[50]

**Besluit**

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die 1830-tog nie net 'n gewone jagtog was nie. Vanuit die gevolge beoordeel, word dit 'n betekenisvolle tog wat selfs die sterk moontlikheid inhou dat reeds met die vertrek van hierdie manne daar iets meer as net die blote verwagting van 'n voorspoedige jagtog in hul gedagtes gebroei het. Verkenning van die binneland met die oog op verhuising kon 'n bydraende rol gespeel het waarom hierdie tog onderneem is. Hoe dit ook al sy, minstens kan ons nou sê dat die onmiddellike gevolg daarvan was dat die trekgedagte sterk na vore gekom het. Kaptein Campbell, siviele kommissaris van Albany en Somerset, wat gewoonlik goed ingelig was oor sake wat sy distrikte geraak het, het vier jaar later (1834) pertinent hierdie binnelandse tog van 1830 met die ontwaking van die trekgedagte onder die Afrikanergrensboere in Somerset, Albany en Uitenhage in verband gebring.[51] Verdere aksie om deur middel van 'n handtekeninglys vas te stel hoeveel inwoners in 'n verhuising belang sou stel, is waarskynlik laat vaar omdat besef is dat nog verdere verkenning van die binneland nodig was. Ander komponente in die trekgedagte was teen 1830 nog nie sterk genoeg aanwesig nie en die tyd dus nog nie ryp vir die kragtige trekaksie wat vyf jaar later sou begin nie.

---

50. K.A.B.: 1/AY 9/7 Brieweboek, Regeringsdepartemente, D. Campbell - Acting Secretary to Government, 24-1-1834, ongepagineer.
51. *Ibid.*